



PLAASLIKE MARKTE

- PLAASLIKE MARK SLUIT POSITIEF

Die woorde 'korreksies, stormwolke en dalings' is deesdae gereeld in die nuus aangesien markte in onlangse weke nie te waffers gevaar het nie. Laer sluitings was aan die orde van die dag sedert die begin van die jaar, plaaslik en in in die buiteland. Hoewel die plaaslike mark nie die internasionale neigings vrygespring het nie, het die JSE Indeks van Alle aandele Januarie net-net positief afgesluit en was maand op maand 0.8% hoër as in Desember. Die finansiële en kommoditeite sektore het veral goed gevaar en die Fini-15 en Resi-10 het maand op maand onderskeidelik 3.4% en 3.9% hoër gesluit. Die Indi-25 en die Genoteerde Eiendomsindeks het onderskeidelik 2% en 2.9% hoër gesluit.

Sasol (+33.2% maand op maand) was die beste vertoner in Januarie. 'n Hoër oliepyls, herstel in die mark vir chemiese produkte en die verslapping van COVID-19 regulasies was voordelig vir Sasol se chemiese produkte-afdeling. Sasol is gevolg deur Kumba in die tweede plek met 'n maand op maand styging van 17.5%. Sibanye Stilwater was in die derde plek met 'n styging van 15.1% maand op maand. EOH Holdings het die swakste gevaar en die aandeelprys van dié maatskappy het maand op maand met 28.1% gedaal, gevolg deur Harmony Gold (-17.2%) en AngloGold Ashanti (-12.7%).

INFLASIE HOËR, RENTEKOERS WEER VERHOOG

Inflasie het in Desember tot die hoogste syfer sedert Maart 2017 gestyg en staan nou op 5.9% teenoor 5.5% in November. Volgens die verslag van Statistiek SA is die styging aangedryf deur hoër voedselprijsse en stygings in behuisingkoste en dienste asook brandstof. Vervoerkoste het jaar op jaar met 16.8% gestyg, danksy hoër petrol- en dieselprijsse. Die gemiddelde inflasie vir 2021 staan op 4.5% jaar op jaar, steeds binne die SA Reserwebank se teiken van 3% tot 6%. Die Monetêre Beleidskomitee van die SARB het na afloop van sy vergadering in Januarie aangekondig dat die rentekoers weer verhoog word en die repokoers staan nou op 4% per jaar.

VOERTUIGVERKOPE EN VERVAARDIGING VERBETER

Ondanks 'n rentekoersverhoging in November 2021 en tekorte aan bepaalde modelle het die SA voertuigbedryf se jaar goed afgeskop. Volgens syfers wat deur die sakeraad vir die voertuigbedryf bekend gestel is, was verkope van 41 382 eenhede 19.5% hoër as verlede jaar. Pasassiersmotors en ligte handelsvoertuie het veral fluks verkoop en onderskeidelik met 26.6% en 3.8% teenoor Januarie 2021 gestyg. Die verkope van swaarvoertuie was ook beter en het jaar op jaar met 9.6% gestyg. Vir die jaar is 22.1% meer voertuie as in 2020 verkoop. Toyota is steeds die markleier met 12 480 voertuie verkoop, gevolg deur Volkswagen (5 393), Suzuki Auto (3 323) en Hyundai (2 688).

Ander goeie nuus was dat die SA vervaardigingsektor beter omstandighede verwag. Die Absa Aankopersindeks het in Januarie tot 57.1 gestyg, teenoor die syfer van 54.1 wat vir Desember aangekondig is. Dit is bemoedigende nuus vir die bedryf wat 13% van BBP lewer aangesien daar algemeen verwag word dat die SA ekonomie in 2022 gaan verswak.

INTERNASIONALE MARKTE GEEN GOEIE NUWEJAAR VIR BUITELANDSE MARKTE NIE

Januarie was 'n besonder wisselvallige maand vir wêreldmarkte (die MSCI World indeks het maand op maand 5.3% laer gesluit, die slegste begin vir 'n jaar sedert 2016) danksy kommer oor stygende inflasie, hoër rentekoerse en politieke spanning tussen Rusland en Oekraïne. Hoewel markte in die VSA in die laaste paar dae van die maand beter gevaar het was Januarie die ergste vir markte sedert die groot finansiële krisis van 2008. Die S&P 500 het in Januarie maand op maand 5.9% laer gesluit – die skerpste daling sedert die uitbraak van die pandemie – en die Dow Jones 4% laer. Die Nasdaq het maand op maand 10.1% laer gesluit.

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 1.1% hoër gesluit en die land se jongste statistiek toon dat die BBP van die VK in November vir die eerste keer beter is as vlakke voor COVID-19 sake omgekrap het. Die Desember syfer vir inflasie van 5.4% is die hoogste vir die VK in 30 jaar.

In die grootste ekonomie in Europe het die DAX van Duitsland Januarie 3.4% laer gesluit. Die CAC in Frankryk was maand op maand 3% laer.

ASIË OOK DEUR SKOMMELINGE GETREF

In Asië het die Hang Seng van Hong Kong maand op maand 2.3% hoër gesluit maar die Shanghai Saamgestelde indeks het maand op maand 7.6% laer gesluit. Wat ekonomiese data betref het die amptelike aankopersindeks van die vervaardiging sektor tot 50.1 verswak (50.3 in Desember). Ekonomiese groei vir laaste kwartaal was 4% en vir die jaar het die Chinese ekonomie met 8.1% gegroei (die beste in 'n dekade). Die Nikkei van Japan het maand op maand 6.2% laer gesluit.

Bronne: Anchor Capital; Business Day

SLIM WENK

WAT BELEGGERS TE DOEN STAAN WANNEER MARKTE SWAKKER VAAR

Finansiële adviseurs van Brenthurst Stellenbosch, Ruan Breed en Stefan Janse van Vuuren, wys daarop dat dalende markte vir beleggers die geleentheid skep om teen laer pryse in verskillende bates te belê. Hulle beklemtoon dit dat beleggers dikwels weens paniek die verkeerde besluite neem wat op lang termyn hul beleggings negatief sal raak.



BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH

**BELÊ BY DIE VOORAANSTAANDE
WELVAARTBESTUURDER IN SA
WENNER 2017 & 2020, TOP 3 IN 2021
NAASWENNER IN 2018 EN IN TOP 4 IN 2019**

Daar is nou 'n sterk verskuiwing van groei na waarde-aandele met die oog daarop om in stabiele maatskappye te belê wat gesonde kontantreserwes het. Hierdie maatskappy het die reserwes om die markskommeling te oorleef en kan internasionale geleenthede aangryp. Die waarde maatskappye verdien voorts goeie inkomstes uit 'n verskeidenheid bronne wêreldwyd en is nie uitgelewer aan gebeure in die VSA nie. Maatskappye soos byvoorbeeld Microsoft, wat 'n markkapitalisasie van \$2.3 triljoen het, het 'n wye reeks produkte wat regoor die wêreld verkoop word.

Brenthurst bou portefeuljes wat behoorlike diversifikasie en blootstelling aan verskillende geografiese gebiede, sektore en lande bied.

Aandele bly die voorkeur bateklas aangesien dit die grootste potensiaal vir groei bied en met goed gebalanseerde portefeuljes kan beleggers groei vir hul beleggings verdien sonder dat kapitaal in bepaalde markte gekonsentreer word. Rentekoerse is steeds besonder laag wat beteken aandele bly die beste keuse.

'n Goed gebalanseerde portefeulje bied steeds die beste blootstelling om kapitaal te beskerm en groei te lewer. Die Brenthurst span bly op hoogte van markgebeure en gebruik verskillende ervare batebestuurders wat op die regte tye wysigings kan maak om risiko te beperk en geleenthede aan te gryp.

'n Ander aspek wat altyd onthou moet word – die tyd wat geld belê is is belangriker as tydsberekening. Hierdie grafiek wys wat kan gebeur as 'n belegger die baste dae op markte misloop:

MISSING THE BOUNCE BACK



**KONTAK ENIGE VAN ONS ERVARE, GEKWALIFISEERDE ADVISEURS BY ONS KANTORE LANDWYD
- BRENTHURST IS ERKEN AS EEN VAN DIE TOP WELVAARTBESTUURDERS IN SA 2021 -**

BRENTHURST KANTORE:

Johannesburg +27 (0) 11 799 8100
Sandton +27 (0) 10 035 1391
Pretoria +27 (0) 12 347 8240
Cape Town Waterfront +27 (0) 21 418 1236

Claremont +27 (0) 21 418 1236
Bellville +27 (0) 21 914 9646
Stellenbosch +27 (0) 21 882 8706
Val de Vie Estate +27 (0) 21 100 3901
Mauritius 00 230 5843 5215

BRENTHURST SATELLIET KANTORE:

GARDEN ROUTE | KWAZULU-NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST

Brenthurst Wealth Management is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer (Reg No: 2004/012998/07) FSP No.7833. Hierdie epos en enige dokumente ingesluit is eksklusief bedoel vir die persoon aan wie dit gerig is en kan vertroulike of wetlik beskermde inligting insluit. As jy hierdie epos foutiewelik ontvang het, wis dit uit. As jy nie die persoon is vir wie dit bedoel is nie mag jy dit nie aan ander bekend maak nie, 'n kopie maak of enige stappe neem gegrond op die inligting wat daarin vervat is nie. Enige ongemagtigde gebruik of bekendmaking is verbied en mag onwettig wees. Die menings en insigte wat in hierdie boodskap gedeel is, is nie noodwendig die mening van die bestuur van Brenthurst Wealth Management nie.